# DIE SKIETLOOD

186ste Uitgawe 22 Januarie 2021
saam met Koersvas 186


## Die Dordtse Leerreëls

**Eerste hoof leerstuk; aangaande die Goddelike predestinasie**

Die Dordtse leerreëls het in 18 artikels van hoofstuk 1 die regsinnige verstaan van die absolute uitverkiesing en verwerping bespreek. Daar is op al agtien artikels kommentaar gelewer. Die invalshoek van die kommentaar is telkens gemik op 'n werkbare en toepaslike rehabilitasie van die teks. Die volgende deel van die Dordtse leerreëls skenk aandag aan die eerste saak van dwaling wat in die Remonstrasie aangeroer is. Dit is: *Voorwaardelike predestinasie of voorwaardelike uitverkiesing*. In nege paragrawe word dwalings van die Remonstrante aangeroer en verwerp.

Die teks van die Remonstrasie stel (Vry vertaal na Afrikaans): *Dat God, deur onveranderbare en ewige doelmatigheid in Jesus Christus, reeds voor die skepping van die wêreld, bepaal het om uit die verlore sondige mensdom, in Christus, om Sy onthalwe en deur Hom sekere mense te red naamlik diegene wat deur die werking van die Heilige Gees, <u>sal glo</u> in Sy Seun Jesus Christus. Hierdie gelowiges sal tot die einde toe in gehoorsaamheid volhard in hierdie geloof. Aan die ander kant sal die ongehoorsames en sondaars in hulle sonde en onder die toorn van God gelos word. Met ander woorde: God het van ewigheid af onveranderlik beslis dat diegene gered sal word wat deur die genade van die Heilige Gees, glo in Jesus Christus en deur dieselfde genade tot die einde toe volhard in gehoorsaamheid. Aan die ander kant het God besluit om ongelowiges en onbekeerdes te verdoem (Johannes 3:36) "Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom."*

Dit kom in die teks met ander woorde daarop neer dat uitverkiesing en verwerping (verdoemenis) bepaal word deur voorkennis en hierdie uitverkiesing word afhanklik gemaak van die geloof of ongeloof wat vooruitgesien word. Dit is baie maklik om met 'n simplistiese interpretasie in diepe denk-moerasse te beland. Die konteks, die teks van die Remonstrasie, die verstaan van tyd en ewigheid, asook die aard van teologie is enkele van die sake wat inspeel op die teks van die Dordtse leerreëls. Ons gaan met groot versigtigheid die "verwerping van dwaling" moet uitpluis.

**Verwerping van die dwalings waardeur die Nederlandse Kerke 'n tyd lank in beroering gebring is**

**Teks**: *Die regsinnige leer van die uitverkiesing en verwerping is nou uiteengesit.*

*1. Die Sinode verwerp daarom die dwaling van hulle wat leer: Die hele en volledige besluit van die uitverkiesing tot saligheid is God se wil om daardie mense salig te maak wat <u>nog sal glo</u> en in die geloof en <u>geloofsgehoorsaamheid sal volhard</u>. Oor hierdie besluit is daar niks anders in die Woord van God geopenbaar nie. Die Sinode leer: Die*

*dwaalleraars mislei hiermee die opregtes en hulle weerspreek duidelik die Heilige Skrif. Die Skrif getuig immers dat God nie alleen hulle wat sal glo, wil salig maak nie, maar dat Hy ook sekere bepaalde mense van ewigheid af uitverkies het. God het aan hierdie mense, in onderskeiding van ander, in die tyd die geloof in Christus en die volharding geskenk. Soos geskrywe is: Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het (Johannes 17:6); en: Daar het gelowig geword almal wat tot die ewige lewe verordineer was (Handelinge 13:48). Hy het ons uitverkies voor die grondlegging van die wêreld om heilig te wees, ens. (Efesiërs 1:4).*

**Verklarende opmerkings**

Indien hierdie repudiasie van die Remonstrasie deur die Dordtse leerreëls as 'n losstaande eiland in die oseaan van teologiese gesprekke gesien moet word, is daar oneindige probleme aan te dui; soos inderdaad ook die geval is ten opsigte van die meeste teologiese stellings. Ons moet telkens onthou dat hierdie dokument die produk van lang nadenke oor 'n twisgesprek is **en nooit van die twisgesprek losgemaak mag word nie**. Die stryd oor die uitverkiesing het in die konteks van sy tyd, taal en omstandighede afgespeel. Verskille word in so 'n situasie skerper gemaak. In so 'n konteks word kontraste skerp uitgespel, soms tot die nadeel van selfs die regdenkende teoloog. Die kwaadwillige teoloog kan in hierdie geval nou hierdie woorde neem en daarmee by 'n determinisme en deïsme draai. Die konteks binne die teologie is van groot belang, die reikwydte van stellings word deur die konteks ingeperk. Indien die verkeerde klem gebruik word, beland 'n mens inderdaad in die doodloopstraat van determinisme. Die oomblik wat die fokus, konteks en intensie van die skrywers die kollig toegelaat word, verander baie sake.

Enkele opmerkings aangaande determinisme en deïsme moet hier gemaak word. Die WAT definieer die twee terme as volg:

***determinisme s.nw. (filosofie)***

*1 Sameskakeling van die natuurlike verskynsels op so 'n wyse dat die totale som van die antesedente die vereiste, die voldoende en die enigste aanleiding bied tot die voortbrenging van 'n bepaalde gevolg, met uitsluiting van die tussenkoms van elke ander vorm van oorsaaklikheid.*

*2 Leer waarvolgens die menslike handeling volgens dieselfde sameskakeling van antesedent en gevolg plaasvind, en wat die aanwending van die kousaliteit deur vryheid uitsluit; m.a.w. leer wat die vrye wil ontken, omdat alle menslike handelinge bepaal word deur voorafgaande oorsake en omstandighede; noodwendigheidsleer:*

***deïsme s.nw. (teologie, filosofie)***

*Dié geestestroming wat voorstaan dat God wel die dinge geskape het, maar Hom daarna nie meer daarmee inlaat nie; die leer dat alleen 'n redelike of rasionele godsgeloof erken moet word, bv. dat aan die bestaan van 'n godheid alleen geglo moet word omdat dit bewysbaar is;*

Wanneer die Dordtse leerreëls dan met 'n liniêre tydverstaan stel "*dat Hy ook sekere bepaalde mense van ewigheid af uitverkies het"* , is daar sekere logiese

vrae wat gestel kan word. Vrae soos: As God dan voor my bestaan my uitverkies het, hoe kan ek verantwoordelikheid neem vir my eie lewe? Indien God die uitverkorenes van ewigheid by die naam genoem het, waarom is sending en evangelisasie nodig?

Die opstellers van die Dordtse leerreëls was in stryd met mense wat die redding en die saligheid van die mens 'n spanpoging wou maak met God en mense as spanlede. 'n Spanpoging waar God die hoofrol speel, maar die mens moedig en getrou 'n bydrae lewer om die wa deur die drif te kry. Die oorwinning word behaal en die hele span word geluk gewens. So 'n standpunt tas die vrymag en almag van God aan. Die mens het geen bydrae te lewer in terme van redding nie. Dit is nie eens in die toekoms op die kaarte nie. Die woorde wat gebruik is om hierdie boodskap oor te dra, is problematies en moet altyd in konteks gelees word.

Filosofie van tyd bied ook 'n belangrike inset wat ons moet oorweeg. Die tradisionele verstaan van tyd het weg beweeg van 'n benadering wat erns maak met die Skrif. Die gees van die tyd, die nadenke aangaande die oerknal en evolusie is almal faktore wat bygedra het daartoe dat daar in die onlangse Christelike nadenke met 'n liniêre tydverstaan gewerk word. Dit is 'n denkerigting wat alles op 'n tydlyn plaas. Om te stel dat God van ewigheid gekies het, is om die tydlyn onmeetbaar die verlede in te trek en dan te stel dat daar geen plek op daardie lyn is waar die mens se optrede of toekomstige optrede kon bydra tot sy saligheid nie. Dit hou nie rekening met die Skrif nie. Die Skrif stel dat God aan die begin geskep het. Dit impliseer nie dat daar tyd voor die skepping was nie, maar dat die skepping die begin van tyd is. Vervang "voor die skepping" met " buite tyd en ons begrip van tyd en ruimte", en die prentjie verander drasties.

Ons kan nie eens praat van voor die skepping nie omdat enige sodanige denke net weer in terme van tyd redeneer. Ons kan nie praat van God se denke en werke voor die skepping nie; ons kan net verwys na God se werklikheid buite die skepping. God kies om die skepping daar te stel en in te tree, om deel te neem aan die verloop van tyd. God se verhouding met tyd en ruimte is kompleks. God bly altyd die tydlose Een (Ewige God), maar in Jesus was Hy ook die sterflike Een wat tyd en dood sou oorwin deur die opstanding. Kousale beredenering kan nie stand hou in enige argument wat erns maak met die komplekse van God se verhouding met tyd nie. Enige kousale argument steun op argumente wat werk met terminologie soos "dit voor dat". Dit is 'n duidelike tyd-argument. Met die uitverkiesing het ons te make met sake wat in God se dimensie geskied en in ons dimensie gevolge het.

Indien ons die filosofie van tyd in ag begin neem, kom ons agter dat die beginsel verwoord in die Dordtse leerreëls korrek is, maar die argumentasie kelder eerder die saak. Die beginsel is gewoon dat die redding van God af kom en geen spanpoging van God en mens is nie. Hoe dit geskied, gaan ons verstand te bowe, juis omdat ons nie die komplekse aard van God se verhouding met die skepping, tyd en die mens kan verstaan nie.

**Teks:** *2. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die uitverkiesing van God tot die ewige lewe is veelsoortig: die een is algemeen en onbepaald, die ander is besonder en bepaald. Laasgenoemde val weer in twee dele uiteen: Dit is óf 'n onvolkome herroeplike, nie-beslissende en voorwaardelike uitverkiesing, óf 'n volkome, onherroeplike, beslissende en volstrekte uitverkiesing. Verder: Daar is een uitverkiesing tot die geloof en 'n ander tot die saligheid, dit wil sê daar kan 'n uitverkiesing tot die regverdigmakende geloof wees sonder dat daar 'n beslissende uitverkiesing tot saligheid hoef te wees. Die Sinode leer: Dit is 'n versinsel van die menslike verstand wat buite die Skrif om uitgedink is. Dit vernietig die leer van die uitverkiesing en verbreek hierdie goue ketting van ons saligheid. Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik (Rom. 8:30).*

**Verklarende opmerkings**

Dit is belangrik om daarop te let dat die uiteensetting wat hier aangebied word, die opstellers se verstaan van die Remonstrasie is. Die Remonstrasie en uiteensetting is tot ekstreme logiese gevolge deurgevoer. Op die manier kan daar dan breedvoerig reageer word. Die hoofpunt van kritiek is dat die Remonstrasie die uitverkiesing opbreek en uitmekaar torring om 'n veelheid van uitverkiesings en salighede aan te dui. *Synodus rejicit Errores eorum qui docent, 'Electionem Dei ad vitam æternam esse multiplicem"* ... *Die sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer; Die uitverkiesing deur God na die ewige lewe is veelvuldig.*

Daarteenoor stel die Dordtse leerreëls dat die uitverkiesing 'n eenvoudige eenheidsaak is. Deur Romeine 8:30 aan te haal, word die eenheid en interne logika van die saak aangedui: "*Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik*." Die punt wat die Dordtse leereëls wil maak, kan ondersteun word deur te verwys na ons verstaan van die heilsgeskiedenis. Die heilsgeskiedenis is een geskiedenis met baie gebeurtenisse wat deur die goue draad van God se genade aan mekaar verbind is. Net so is die uitverkiesing God se daad wat uit verskillende elemente bestaan, maar nie los van mekaar geplaas kan word nie.